Uitgawe 4 Julie 2015




# So onthou ons...

Soos onthou deur Tannie Kittie Visser 93 jaar oud

Ek het 1945 in die Sandveld aan gekom. Die huis op Sandfontein, waarin ek woon, word as die oudste bewoonde Sandveld-boustyl-huis beskou. Ek weet nie wanneer die eerste gedeelte gebou is nie, maar die vorige eienaar het vertel dat die buite kamer gedurende die boere oorlog van 1900 aangebou is.


Die Sandveldhuis op Sandfontein

## IN HIERDIE UITGAWE


| | |
|---|---|
| Uit die pen van Ds. Hennie de Kock | 2 |
| Gemeenskapsprojek | 3 |
| Affieplaas Dans | 4 |
| Uitdrukking oor honde | 5 |
| Kerkraad en hul honde | 6,7 |
| Gedig: Eugene Marais | 8 |
| Resep uit die Pastorie | 9 |
| Lief en Leed | 10 |
| Jongspan | 11 |
| Siel van 'n vrou | 11 |
| Advertensies | 12 |
| Ten Slotte | 13 |


Hulle het snags gebou en het maar 'n streep op die grond getrek, want hulle was bang om lig te maak, daarom is die muur nie so reguit gebou nie. Op my vraag of die Engelse dan ook hier was, het sy gesê dat hulle die skape uit die kraal gevat en met die trekpad oor die rug gegaan het.

Die Peperbome om die huis, het die vorige eienaar in 1905 by Ds. De Waal (die eerste predikant van Leipoldtville) gekry. Daardie bome is vandag reuse.

Die boerdery het bestaan uit 'n klomp skaap, 'n paar koeie, rog wat gesaai is en tabak wat vir roltabak geplant is . Elke plaas het 'n stukkie wingerd gehad en talle het 'n stookketel gehad om witblits te stook.

Destyds was hier baie bywoners op die plase. Oom Jan Basson wat op Bolangvlei gewoon het, het vir my vertel dat hy daar in die skool was. Ant Rose was die skool se Juffrou en die eienaar van die plaas het gewoonlik in die oggende na haar toe gekom en gesê dat hy 5 seuns van ongeveer 12 jaar oud nodig het vir die dag. Hulle moes dan help om rogstrooi uit te slaan, want die eienaar se huis se dak moes daarmee gedek word.

Die leerders moes dan strooi uitslaan tot die skool uitkom en die vergoeding wat hulle ontvang het was 'n dosie Flake sigarette. Die dosie het 10 sigarette bevat. Die eienaar het dan die sigarette gevat en dit in 2 gebreek sodat elkeen van hulle dan 4 halwe sigarette as betaling gekry het

Die seuns het hom toe uitoorlê deur sy hoendereiers uit te haal en dit dan aan hom te verkoop vir sy winkeltjie wat hy op die plaas gehad het. Daarvoor kry hulle 'n pond suiker en rookgoed.

Van Sandberg se skool het hulle my vertel dat die meisies huisvlyt daar geleer het. Hulle moes glo sop op 'n primus stofie kook.

Die vervoer was meestal perde en donkies. Daar is gewoonlik los donkies oppad kerk toe saam geneem, vir as die pad te swaar geraak het, want toe was die pad nog nie hard gemaak nie.

So het 'n Jood van Piketberg met perde en esels handel gedryf. Die mense is baie keer gekul want partykeer was die perd steeks, maar dan het die Jood stilgebly daaroor. Die Jood kom toe op 'n keer by 'n De Beer Oom op Soutkuil. Na 'n gestry vererg die Oom hom vreeslik vir die Jood en hy sê vir sy vrou "bring daar vir my die bobbejaanboud", sy haelgeweer. Toe die Jode dit hoor is hulle dadelik op hul perde en jaag daar weg. Die Oom lê aan en hy skree vir hulle: " trek na mekaar toe", want hy wil net een patroon mors. En hy skree toe ook vir hulle: "Julle het mos in oorlede Farao se tyd laas gewerk"

Frans Visser het op Wolfhuis gebly en op Bettiesville skoolgehou. Oom Tienie Theart was die hoof. Gedurende hierdie tyd het die mense die mond van die rivier met grawe en kruiwaens oop gegrawe, sodat die see kan inspoel en daar baie harders in die pan kon inkom. Dit was 'n groot voedingsbron vir die boere.

Rondom 1930 het elke plaas 'n lappie wingerd gehad en die groot boere het 'n stookketel in die poppelierbos gehad, want dit was toe alreeds onwettig om te stook. As die stokers die sterkte van die witblits wou toets het hulle 'n akkerdoppie volgemaak en geproe. Die stoker het so baie geproe dat hy meestal smoordronk geword het.

Die polisie het toe nog te perd gepatroleer. As die stoker oppad was met sy witblits vir besigheid, het hy die witblits uit sy kar gegooi tot die polisieman verby is, dan het hy dit weer opgetel.

Daar is geglo dat Koekema kranka op witblits en boegoe op brandewyngoeie medikasie vir die maag was.


Tannie Kittie Visser

# Uit die pen van Ds. Hennie de Kock ...

## Die roetine van selfdissipline

Filippense 4:8 " *Vriende, ek wil vir julle nog iets sê. Julle moet altyd dink aan die dinge wat waar is, wat mooi is, wat reg is, wat rein is, wat pragtig en goed is. Ja, julle moet dink aan alles wat mooi is, alles waarop 'n mens trots kan wees" (Die Bybel vir almal)*

Romeine 14:7 – 8 *Ons lewe nie om ons self te dien nie en ons sterf nie om ons self te dien nie. Wanneer ons lewe, dan lewe ons om die Here te dien. En wanneer ons sterf, dan sterf ons om die Here te dien. Ja, wanneer ons lewe, dan behoort ons aan die Here, en wanneer ons sterf, dan behoort ons aan die Here.*

Sonder roetine in jou geestelike lewe vorder jy op die ou end nie veel in die regte rigting nie.

Om vir die Here te leef is nie iets wat vanself kom nie.

Mense weet nie instinktief wat die regte dinge is om te doen nie en hulle doen nie sommer uit hulle eie mooi dinge vir God en vir ander nie. Nee, 'n sterk geestelike lewe is die resultaat van gereelde, gedissiplineerde, oefening in God se gimnasium.

Dissipline beteken reëlmaat; dit impliseer 'n bepaalde geestelike ritme van Bybelstudie, gebed, stilte en gehoorsaamheid aan God wat deur dik en dun volgehou word. Selfdissipline kom van binne af.

As jy nie innerlik gemotiveerd is om te doen wat God vra nie gaan eksterne motiverings, soos dreigemente dat God jou gaan straf of emosionele druk van die kant van ander Christene, net vir 'n rukkie werk.

Maar hoe raak mens hier binne-in jou oortuig dat jy moet vasbyt in jou studie van God se Woord en in gebed?

Dit gebeur net as jy oop is vir die leiding van die Heilige Gees. Hoe meer jy op Sy golflengte ingestel is, hoe meer oortuig Hy jou wat die regte dinge is om vir God te doen.




Hy steek'n vuur in jou binneste aan wat maak dat jy opreg begin honger na God.

Die Gees bring 'n dors in jou hart wat tot gevolg het dat jy soos 'n wildsbok in 'n dorre woestyn smag na God se lewende water.

Dan is dit jou kos om die Bybel te lees en jou drank om aan God se voete te sit.

Dan is selfdissipline nie iets wat 'n sware las is nie, maar net mooi die teen oorgestelde.

Dan is jou eenkant tye saam met God juis die hoogtepunt van jou dag. Dit is jou kragbron.

Selfdissipline raak egter nie net jou stiltetyd nie. Nee, dit raak ook die detail van jou lewe.

Dit raak die manier waarop jy praat, dink, optree. Dit maak dat jou ganse menswees tot in die fynste besonderhede onder God se aktiewe beheer staan.

Jy het selfdissipline wanneer:

- jy gereeld tyd in gebed met God deurbring, maak nie saak hoe besig jy is nie;
- die Woord 'n integrale deel van jou lewe uitmaak;
- jy jou plek Sondae in die kerk, asook by 'n Bybelstudie, wyksbyeenkoms of ander geloofsgemeenskap geleenthede inneem;
- jy uit jou pad gaan om ander mense se nood in gebed na God toe te neem;
- jy nooit jou liggaam afskeep nie, want jy is 'n tempel van God;
- jy nooit toelaat dat verkeerde kyke of slegte begeertes die botoon in jou lewe voer nie;
- jy jou aktief daarop instel om vir ander om te gee;
- jy bereid is om groot offers te bring as jou geloof dit van jou vra. God kom immers altyd eerste in alles wat jy dink, doen en sê;
- jy gereelde tye van stilte en afsondering in jou program inbou.

Sonder selfdissipline is jou geloof gedoem tot middelmatigheid en tot voortdurende kompromieë met sonde.

Sonder selfdissipline doen jy net wat jy wil wanneer jy wil.

Jy gaan kerk toe as jy so voel en bid wanneer jy lus het. Dan is jou geestelike lewe soos 'n wipplank. Eendag is dit bo en die volgende dag is dit weer onder.
Jy het die keuse of jy heeltyd so wil leef en of jy 'n gedissiplineerde, geoefende geloofslewe wil hê.

Wel, as jy laasgenoemde moontlikheid kies, moet jy maar net jou voet op God se pad plaas en dit daar hou.
Dis al. Die res kom vanself.

# Gemeenskaps Projek

Christelike Privaatskool Leipoldtville





Christelike Privaatskool Leipoldtville het op 05 Junie 2015 skryfbehoeftes aan die plaaslike Primêre Skool in Leipoldtville uitgedeel. Elke jaar word daar bepaal wat die behoeftes by die Primêre Skool is en dan probeer CPL hulle daarvolgens help. Baie dankie aan almal wat by hierdie projek betrokke was.













# Affieplaas Dans



Christelike Privaatskool Leipoldtville het 'n Affie Plaas Dans op 30 Mei 2015 aangebied. Die dans was 'n reuse sukses. Baie dankie aan elke persoon wat ons ondersteun het asook aan die ouers van die CPL vir alle bydraes en hulp.





























# Uitdrukkings oor honde ...



**Elke hond is baas op sy eie werf** beteken elkeen is meester op sy eie gebied of huis.

**Twee honde veg om een been, die derde loop daarmee heen** word gebruik wanneer twee mense oor 'n ding twis en 'n derde dikwels daarmee wegloop.

Om iemand soos **'n hond te behandel**, is om iemand baie sleg te behandel.

**Agter elke hond aan blaf** beteken om self geen oordeel te hê nie en ander na te praat.

**Selfs die hond blaf nie meer vir iemand daar nie** beteken 'n persoon kuier gereeld iewers.

**Jy kan 'n hond die blaf nie belet nie**, jy kan 'n mens dus nie belet om te praat nie.

Ons het al almal die uitdrukking, **blaffende honde byt nie**, gehoor. Dit beteken dat 'n persoon wat dreig of raas, gewoonlik nie gevrees hoef te word nie.

**Daar is meer hondjies wat Blom heet**, word gese as mens iemand van iets beskuldig waaraan hy nie skuld het nie, net omdat sy naam dieselfde is as die van die verdagte.

Iemand wat aanhoudend praat, **praat 'n hond uit 'n bos uit**.

Jou eie mense kan jou die seerste maak, daarom sê ons **eie of mak honde byt die seerste.**

Was jy al ooit **die bont hond in**? Dit beteken om kwaad te wees.


# Ds. Hennie de Kock en die Kerkraadslede met hul honde.


Aangesien hierdie maand se uitdrukkings oor honde gaan, het ek dit goedgedink om vir Ds. Hennie en die Kerkraad te vra om foto's saam met hul honde in te stuur. Daar word gesê dat honde en hul eienaars soms na mekaar lyk of dat hul geaardhede of gedrag soms ooreenstem. Oordeel maar self of dit dalk die geval hier op Leipoldtville is…

1. Ds Hennie de Kock en Parthen 'n wit Herdershond. Parthen beteken meisie in Grieks. Sy is selfversekerd, wakker, speel graag, lojaal, 'n goeie kinderhond, intillegent en sy hou van persoonlike kontak.
2. Brandon Lalor en Mienkie die Worshond. Mienkie is 'n voorslag om molle en muise te jag en sy speel die arme kat klaar.
3. Hennie Visser en Lyla die Skaaphond. Lyla is 5 jaar oud en lief daarvoor om hoenders en katte op te pas. Sy is skamerig, vriendelik en is baie goed ge-manierd.
4. Elsabe Carstens met Spyker die Jack Russel. Spyker is al 14 jaar oud en was 'n lewendige hondjie, maar sy ouderdom haal hom nou in. Hy is al doof en sy grootste taak is om te slaap. Gelukkig bly sy nooi nog mooi en jonk.
5. Geldenhuys Visser met Scrappy Cocco die Skotse Terriër. Scappy Cocco hou baie van saamry en as die wiel draai is hy altyd gereed.
6. Marna van Zyl met Bella die Jack Russel en Monty die Labrador. Bella is al meer as 14 jaar oud en is die moeder van Elsabe se hondjie Spyker. Sy was 'n goeie jagter van muise, molle en ja, selfs rooikatte op haar dag. Monty is 6 maande oud, sy is baie liefdevol, sy kou enige iets wat sy in die hande kan kry en die Van Zyl's sukkel nog om vir haar maniere te leer.
7. Anne Laubscher met Klaas en Bella die Boerboele. Klaas is 'n 9 jarige stamboek reun en Bella is 'n jaar jonger. Hul werpsels was almal gesogte boerboele.
8. Hentie Louw met Max die Spaniel. Max is nou 'n jaar oud en hou baie daarvan om Kentucky te eet. Sy gunsteling tydverdryf is om Zelda se hoenders te vang en karre te jaag. (Ek praat nou hier van Max...)
9. Hugo Louw en Ribbes die Windhond. Ribbes is 2 jaar oud en hou daarvan om vroegoggend hardloop speletjies te speel en katte te jaag. Hy is 'n baie oulike hond.

1


2


3


4


5


6


7



8


9



# Ds. Hennie de Kock en die Kerkraadslede met hul honde.(Vervolg)


1. Niekie Visser en Rimpels die Staffie. Rimpels was Niekie en Ilse se eerste hond, hy kon nie 'n kat verdra nie. Hy het orals saam met Niekie gery selfs Koöperasie en Kaap toe, hy was soos Jock of the Bushveld en mens kon nie 'n beter metgesel en waghond kry nie, hy het altyd sy baas opgepas en beskerm.
2. Karien O'Connell met Fritz die Australiese Beeshond en Hercules die Great Dane. Fritz is 'n boorling van Olifantshoek en is al 12 jaar oud, hy is hoof van Sekuriteit by die Rietdakhuis, niemand mag die eiendom betree sonder sy goedkeuring nie. Hercules kom van Redelinghuys en het by Fritz aangesluit toe hy reeds twee jaar oud was, hy is 'n "Gentle Giant" met 'n vriendelike persoonlikheid, tonne energie en 'n baie gesonde eetlus.
3. Henk van Zyl met Bella, die Lassie en Lilly die Labrador. Die Van Zyl's het 'n groot liefde vir Lassie honde. Bella is baie spesiaal met haar gebreklike voetjies. Lilly is nog baie jonk en verskriklik stout, nes haar baas...
4. Jaco Koegelenberg met Pumba die Chow wat van die Paarl af kom. Hy is 7 jaar oud en is baie lief vir kinders.
5. Danie Carstens het nie 'n hond nie en hy sê hy blaf sommer self.
6. Nico Louw het ook nie 'n hond nie en hy, nes Danie, blaf ook sommer self.
7. Herman Visser met Boomer die Skaaphond. Boomer is 'n baie unieke en kwaai skaaphond, hy werk nie skaap nie, maar maak eerder mense bymekaar...
8. Wimpie Louw met Potlood sy geliefde Skaaphond. Potlood is al oor die 13 jaar oud en volgens Wimpie is hy al oor die wal. Toe Potlood jonger was en een naweek alleen by die huis moes bly, het hy al die gereedskap wat hy kon kry uit die stoor gedra tot op die grasperk.

1


2


3


4


5


6



7


8


# DIE DANS VAN DIE REËN

Eugene Marais

O die dans van ons Suster!
Eers oor die bergtop loer sy skelm,
en haar oge is skaam;
en sy lag saggies.
En van ver af wink sy met die een hand;
haar armbande blink en haar krale skitter;
saggies roep sy.
Sy vertel die winde van die dans
en sy nooi hulle uit, want die werf is wyd en die bruilof groot.
Die grootwild jaag uit die vlakte,
hulle dam op die bulttop,
wyd rek hulle die neusgate
en hulle sluk die wind;
en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien.
Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete,
en hulle kruip nader en sing saggies:
"Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!"
En haar krale skud,
en haar koperringe blink in die wegraak van die son.
Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier;
sy trap af van die hoogte;
sy sprei die vaalkaros met altwee arms uit;
die asem van die wind raak weg.
O, die dans van ons Suster!

# Angelique de Kock se Kiwi/Aarbei Yskaskoek







## Metode

**Stap 1**
Maak die karamel sous eerste, sodat dit kan afkoel.

**Tuisgemaakte Karamelsous**

| | |
|---|---|
| ½ koppie karamelsuiker | 2 eetlepels botter |
| 3 eetlepels gouestroop | ¼ koppie room |
| 5 eetlepels water | 'n knippie sout |

Gooi die suiker, stroop en water in 'n swartboom potjie en roer oor lae hitte tot die suiker opgelos het.
Hou op met roer en draai die hitte hoër. Skud die pot nou en dan, maar moenie die mengsel roer nie. Dit sal begin borrel, en na omtrent 5 min 'n ryk bruin kleur kry.
Gebruik die ballonklitser en meng die botter, room en sout by—dit sal borrel en lyk of dit wil oorkook.
Verwyder die karamelsous van die hitte en laat afkoel. (Gebruik dit binne een week)

**Stap 2**
Sny die kiwi vrugte of aarbeie in dun skyfies. (± 1kg)

**Stap 3**
3 koppies room
5 eetlepels versiersuiker
1 ½ koppie roomkaas
¼ koppie karamelsous

Klits die room styf.
Meng die helfte van die room met ¼ koppie karamelsous en ½ koppie roomkaas
Meng die ander helfte van die room met 5 eetlepels versiersuiker

**Stap 4**
Dop die neute af en rol die neute in die pakkie in kleiner stukkies. (±100g)

**Stap 5**
Pak die koek ± 5 Pakkies sjokoladekoekies
Smeer 2 eetlepels van die geklopte room op 'n bord sodat die koekies daaraan kan vassit.
Pak 'n vierkant of reghoek met die koekies bo-op die roomlaag.
Smeer van die karamelroom oor die koekies.
Pak 'n lag vrugte daarop en sprinkel van die neute bo-oor.
Bedek dit met die versiersuiker-room.
Pak nog 'n laag sjokoladekoekies
Hou so aan tot jy genoeg lae het (± 4 lae koekies)
Smeer die res van die versiersuiker en karamelroom oor die boonste laag en versier dit met die oorblywende vrugte skywe en neute. As jy wil kan jy, soos ek, die kante ook smeer.
Sit die koek vir 4 uur in die yskas.
Druip van die oorblywende karamelsous oor as jy opdien.

## Inkopielys

| | |
|---|---|
| ± 1kg | Vars Kiwi vrugte of Aarbeie |
| 3 ¼ | koppies room |
| 5 | eetlepels versiersuiker (icing sugar) (75ml) |
| 1 ½ | koppie roomkaas (plain cream cheese) |
| 1 | pakkie pimperneute (pistachio) (± 100g) |
| ± 5 | pakkies sjokoladekoekies –Ek koop Bakers Toppers |
| ½ | koppie karamelsuiker (125ml) |
| 3 | eetlepels goue stroop (45ml) |
| 2 | eetlepels botter (30ml) |







Sarel en Elize Maree se dogtertjie, Lisa, is op 7 Junie 2015 deur Ds. Hennie de Kock gedoop.  Ouboet Gian is baie trots op sy baba sussie.

Patrick en Leana Hayes se Dogtertjie, Lize-Mari, is op 21 Junie 2015 deur Ds. Frik Kleinhans gedoop.





Met hartseer het ons van Riaan Kotze afskeid geneem.  Riaan se dankdiens is op 13 Junie 2015 deur Ds. Hennie de Kock waargeneem.



# Jongspan

**Psalm 27:1 Die Here is my lig en my redder.**

Orals waarheen jy gaan sal jy altyd by Sy Engele wees en dit sal nooit donker wees waarheen jy ookal gaan nie.

Anja Nieuwoudt Gr.8

# Siel van 'n Vrou

*Milanie Vosloo*




Ma-wees is 'n groot stuk vreugde. Maar Ma-wees is verseker nie altyd maklik nie. Om (onskuldige!) bondeltjies mense groot te kry, vereis 'n groot klomp energie, wysheid en geduld. En hoe ouer hulle raak, hoe meer het ons as Ma's hiervan nodig. En net sodra ons dink dat die moeilike deel van Ma-wees afgehandel is, moet ons ons kuikens, wat ons met soveel liefde en sorg grootgemaak het, loslaat om die wêreld in te vlieg. Dis dan wanneer ons soos afvlerk-mamma– arende besef: Ons kinders word maar vir 'n kort tydjie aan ons geleen.

Moses se ma was een van daardie vroue in die Bybel met besondere moed. In haar poging om haar baba seun teen die moordveldtog van die Egiptenare te beskerm, vleg sy 'n mandjie, smeer dit met waterdigte pik en gaan steek haar baba tussen die riete weg. Dis hier waar die Farao se dogter hom kry en met Moses se Ma ooreenkom dat sy die kind moet grootmaak en dan vir haar paleis toe moet bring. In Eksodus 2 lees ons hoe Moses se Ma vir hom gesorg het en op die regte tyd toe wel aan die prinses gaan "skenk" het. Hoeveel moed moes sy nie vir die deel van die ooreenkoms hê nie?

Drie dinge is nodig vir suksesvolle moederskap: die onbreekbare mandjie van ons spesiaal gevlegte liefde, ons waterdigte voorbeeld en die grootsheid om ons kinders tussen die riete van die lewe los te laat … sodat hulle hul eie mens wees kan gaan leef.

*Bid dat jy die moed vir al drie sal hê .*

# ADVERTENSIES




**Fotos en Videos**

vir Troues, Doop, Gesin, Portfolio of sommer net pret fotos met professionele beligting in die privaatheid van jou eie huis.

Kontak Estelle

081 577 6951

## Erf te koop

R350 000-00

**Graafwater**

8533m2

Skakel Henk van Zyl vir inligting

**083 260 5669**

## Vakante Pos

Skriba Leipoldtville Gemeente

Kontak

Ds. Hennie de Kock 083 263 0099

Elsabe Carstens 083 225 6536

Kerkkantoor 027 412 2844

Sluitingsdatum: 25 September 2015

Epos: ngkleipoldtville@mylan.co.za



**Te Huur**

**Markiestent 5 x 10m**

**Estelle 081 577 6951**

WES grow ®

THE BENCHMARK IN SEED POTATOES

**Van Zyl du Toit**

cell: +27(0) 82 316 2839
vanzyldt@wesgrow.co.za

tel: +27(0)53 441 2241
fax: +27(0)86 759 2796
private bag 507,christiana,2680
south africa

www.wesgrow.co.za

# NG Kerk Leipoldtville

Kerkkantoor

Tel: 027 412 2844 Faks: 086 210 7798

ngkleipoldtville@mylan.co.za

| Leraar: | Gemeentebestuurder | Koster: | Kassier: | Skriba: |
|---|---|---|---|---|
| Ds. Hennie de Kock | Elsabe Carstens | Carol Loubser | Corlia Carstens | Lida Slabber |
| Tel/Faks: 027 4122823 | Tel: 027 422 1802 | Tel: 027 422 1347 | Tel: 027 4221030 (h) | Tel: 027 412 2331 (h) |
| Sel: 083 263 0099 | Sel: 083 225 6536 | Sel: 073 419 2830 | Sel: 083 632 4284 | Sel: 083 866 7760 |


# Ten Slotte

Toe my kollega by die kantoor, een Maandagoggend na 'n kuier by vriende, met pleisters en verbande aan sy hand opdaag, en dit as gevolg van 'n goeie vriend se hond wat hom gebyt het, kon ek nie help om te dink dat eie of naaste honde die seerste byt nie.

Baie dankie aan Roelof vir die inspirasie oor honde vir hierdie maand.

Dis was 'n groot uitdaging om al die kerkraadslede en hul honde se fotos te kry. Dit wil voorkom of die honde maar sku was vir die kamera.

Oor 'n maand is dit ons Leipoldtville Kuierfees. Nooi solank vriende en familie om, op 8 Augustus 2015, saam met ons op Leipoldtville te kom kuier.

Stuur asseblief enige voorstelle of nuus na dieleipoldt@gmail.com

Redaktrise: *Karien O'Connell*

Redigering: Gideon van der Merwe

